UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ALEXANDER JOHNSON

# *THUNDERBIRD* – 'N BESPREKING

deur

ALEXANDER FREDERICK JOHNSON

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad D.Mus (Komposisie) in die Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

STUDIELEIER: PROF. DR. H.J. STANFORD

April 2000

© University of Pretoria

## DANKBETUIGINGS

Graag wil die skrywer sy opregte dank aan enkele persone en instansies uitspreek:

- Prof. dr. Joseph Stanford vir sy hulpvaardigheid met hierdie skripsie.
- Prof. dr. Henk Temmingh vir die inspirerende wyse waarop hy die komposisies vir hierdie graaddoeleindes gelei het.
- Geldelike bystand deur die Universiteit van Pretoria.
- Cecilia du Toit vir haar bydrae tot die skryf van die verhaal van *Thunderbird*.

# INHOUDSOPGAWE


## 1 INLEIDING 1

1.1 Doelstelling 1

1.2 Werkmetode 1

## 2 THUNDERBIRD: BALLET IN TWEE BEDRYWE – 'N BESPREKING 2

2.1 Inleiding 2

2.2 Verhaal en karakters 3

2.3 Tematiese materiaal 10

2.4 Eerste bedryf 12

*2.4.1 Prelude* 12
*2.4.2 Thunderbird* 14
*2.4.3 Raven* 15
*2.4.4 The Creation* 18
2.4.5 *Village* 19

2.5 Tweede bedryf 28

2.5.1 *The Heavens Above – Thunderbird* 28
*2.5.2 Spell* 31
*2.5.3 A Smokey Village* 34
*2.5.4 Thunderbird's Anger* 46
*2.5.5 Victory* 52
*2.5.6 Epilogue – Totem* 53

## 3 SLOTKOMMENTAAR 56

# 1 INLEIDING

## 1.1 Doelstelling

Die doel van hierdie skripsie is om vir die leser van hulp te wees met betrekking tot die inhoud van die werk, asook 'n breër konsep te vorm ten opsigte van die komposisionele wisselwerkings en die oorspronge daarvan.

## 1.2 Werkmetode

Met die bespreking van *Thunderbird* het die skrywer die werk in een hoofstuk bespreek. Hierdie hoofstuk is in vier dele onderverdeel, naamlik 'n inleiding wat agtergrondkennis tot die werk verskaf en 'n samevatting van die orkestrasie bevat, 'n bespreking van die verhaal en karakters, die eerste- en tweede bedrywe.

Die bespreking word deurgaans met sketse en notevoorbeelde toegelig. Aangesien die orkespartituur hierdie skripsie vergesel, word daar soms na die partituur verwys om onnodige omslagtigheid van notevoorbeelde te vermy.

Omdat hierdie werk deurgaans onkonsekwent is ten opsigte van komposisionele wisselwerkings en strukturele samestellings, het die skrywer die werk bespreek van die begin tot einde, en die belangrikste elemente van toepassing, probeer omlyn en verduidelik. Daar word dus geen konsekwente melding gemaak van bv. ritme, harmonie, melodie ens. nie. Omdat die oorspronklike teks van hierdie ballet in Engels is, het die skrywer die Engelse benamings behou deur die loop van die bespreking, maar wel 'n Afrikaanse vertaling gemaak in hoofstuk 2.2 wat die verhaal uiteensit.

Hierdie werkstuk is slegs 'n bespreking wat sover moontlik poog om die verwantskap tussen die musiek en die verhaal te verduidelik.

# 2 THUNDERBIRD: BALLET IN TWEE BEDRYWE – 'N BESPREKING

## 2.1 Inleiding

*Thunderbird* is gekomponeer na afloop van die komponis se besoek aan Kanada in 1999 waartydens hy met die Rooihuide kennis gemaak het.

Hoewel hierdie werk geen direkte verwysings het ten opsigte van die volksmusiek van die Indiane nie, maak die komponis van verskeie tradisionele musikale elemente van die Rooihuide gebruik wat hy deurgaans in 'n Westerse klankidioom verbloem.

Die verhaal – gebaseer op 'n mite van die Suidwes-Kanadese Rooihuide – is saamgestel deur Cecilia du Toit.

Die instrumentasie van hierdie werk is soos volg:

Piccolo
Fluite
Panfluit
Hobo's
Klarinette in B-mol
Fagotte

Horings in F
Trompette in C

Pouke
Sytrom
Bastrom
Houtblok
Hangende simbaal
Simbaal
Guero
Buisklokke
Gong
Marimba

Eerste viole
Tweede viole
Altviole
Tjello's
Kontrabasse

## 2.2 Verhaal en karakters

Die verhaal van die Weerligvoël en die Raaf is natuurlik nie oorspronklik nie - of miskien juis, omdat dit oerspronklik is. Dit vertel van die magte van vuur en die natuur, van geboorte en dood, liefde en verlies. Die verhaal gaan dus eintlik oor die lewe self. Die Weerligvoël glo dit is goed as die mens die kragte buite en bo hom blindelings aanvaar. Die Raaf weet dit is beter as hy soms teen hulle veg.

**Enscenering:**

Proloog en epiloog: 'n Toeriste-stalletjie langs 'n hoofpad. In die agtergrond is die moderne reservaat met verslete wigwams en vervalle sinkhuisies en stukkende motors. Eenkant is 'n totempaal as 'n vae simbool van vervloeë identiteit en etnisiteit.

Die mitologiese gedeelte van die ballet speel af in 'n wêreld van lig met geen vaste elemente of bakens nie. Die eerste mense leef in 'n primitiewe kamp wat teen die einde van die ballet deur die moderne reservaat ingesluk word.

**PROLOOG:**

'n Stoïsyne figuur sit kruisbeen agter snuistery- en ander toeriste-curio's. Hy steur hom aan niemand nie en omdat hy eerder nors en lui as trots en gevaarlik lyk, let mense nie op dat hy 'n adellike veer in die band om sy kop dra nie.

'n Toerbus stop en stort sy passasiers uit om foto's van hulself te neem – teen die agtergrond van die Indiaan en sy ware. Hulle koop wel van sy ware, maar is nie vreeslik in hulle skik met sy hovaardige houding nie. Dit lyk ook nie of hy omgee dat hulle geen begrip toon vir die aard van die curio's nie, todat sy hand uitskiet om een van die toeriste te stop om 'n klein totem – 'n antieke weefstokkie – te neem. Hulle haas hulle na die veiligheid van die bus en laat die Indiaan onvermurfbaar agter.

As hy opstaan met die totem in sy hand en sy kleed soos vlerke sprei, antwoord die weerlig en word sy mitiese karakter duidelik. Hy is natuurlik die transformasie van die Groot Weerligvoël self. Die stowwerige reservaat in die agtergrond maak nou plek vir die mistige wêreld van die mite.

**TONEEL 1**

Die Groot weerligvoël dans met kragtige bewegings, sy manjifieke vlerke gesprei. Die hemele weerklink as hy sy stem dik maak. Sy natuurlike element is vuur; vlamme skiet uit sy voete. Die Raaf kom as die Groot Weerligvoël hom roep en dans onderdanig saam terwyl hulle kyk hoe die eerste tentdorpie uit die niet verskyn.

Die inwoners se lot is misrabel, hulle lewe 'n stryd om oorlewing. Hulle is besig met hulle vreugdelose dagtake. Miminana doen weefwerk en is duidelik so gelukkig dat sy die aandag trek van die Raaf wat gefassineer is deur haar eenvoudige skeppingsdaad en aangetrokke voel tot haar. Miminana ontdooi in die lig van sy aandag. Wanneer die Raaf haar soen, moet hy sy masker verwyder – en daarmee saam sy goddelike natuur aflê – maar hy doen dit graag ter wille van die liefde.

Die inwoners van die tentdorpie is geskok en haar vader ontstoke as hulle Miminana in die arms van die Raaf ontdek. Die Raaf wen egter almal se guns as hy vir hulle die wonder van vuur beskryf en belowe om hul lot te verbeter. Die minnaars kan in vrede vertrek.

**TONEEL 2**

Die Groot Weerligvoël verkeer rustig in sy hemel as die Raaf en die verskrikte Miminana opdaag om te pleit vir die skenking van vuur aan die aardbewoners. Die Weerligvoël is nie geneë om die hemelse vuur aan mindere wesens uit te deel nie, en sy woede vlam nou en dan uit sy vyandige handgebare op.

Eie aan sy aard, gebruik die Raaf nou Miminana om die Groot Weerligvoël te vang. Die Raaf laat haar op die weefstokkie spin en kyk met genot toe as Miminana se sjarme en die eenvoudige skeppingsaksie van weefwerk die Groot Weerligvoël aantrek sodat sy waaksaamheid verslap. Skielik raap die Bedrieër van die vuur op en terwyl die Weerligvoël te verbaas is om te keer, gryp hy Miminana en vlug. Die Weerligvoël bly onvervuld agter met die weefstok in sy hand.

**TONEEL 3**

Die tentdorpie is nou 'n gelukkige en beskaafde woonplek met die inwoners wat rondom hul gesellige vuurtjie leef en werk. Hul dagtaak word onderbreek en aangevul met 'n vrolike gedans en die Raaf en Miminana se liefde blom.

'n Donderslag kondig die koms van die woedende Weerligvoël aan. Hy hou Miminana se weefstok omhoog en eis dat sy na hom toe kom. As sy bang, maar trots weier, maak haar verwerping die Weerligvoël nog kwater en hy gooi die weefstok neer en probeer haar gryp. Die Raaf spring tussenbeide en 'n verskriklike tweegeveg begin waarin die elemente van die natuur kragte meet. Die inwoners krimp vreesbevange byeen soos mense deur die eeue maak tydens 'n hewige donderstorm. As die Raaf se ratse bewegings die oorhand begin kry oor die Weerligvoël, stuur die Weerligvoël 'n sterk wind om die aardbewoners uitmekaar te jaag. Miminana bly weerloos staan en as sy weer weier om na hom te gaan, vernietig hy haar met 'n weerligstraal.

Die Weerligvoël draai triomfantelik sy rug op die verslae aardbewoners. Die gebroke Raaf omhels die liggaam van Miminana voordat hy haar op sy skouers tel. Die stamlede deel in sy leed, sit hulle maskers op en kom bymekaar om die eerste totempaal te bou.

**EPILOOG**


Die figure van die totem bly roerloos staan terwyl die oerdorpie verander in 'n slordige Indiaanse reservaatdorp. As die Weerligvoël omdraai is hy weer die smous van vroeër en sy pragtige vere het plek gemaak vir goedkoop moderne klere. Hy kyk verlangend na die weefstok in sy hand voordat hy dit tussen die ander snuisterye plaas en die aankoms van die volgende toerbus lusteloos inwag.

Die hoofkarakters in hierdie verhaal is:

- Weerligvoël (*Thunderbird*) – die opperste god
- Die Raaf (Raven) – die mindere god en kulkunstenaar wat homself kan transformeer tot enige lewende wese
- Miminana – dogter van die stamhoof
- Stamhoof – vader van Miminana
- 'n Verteller

Die volgende sketse is kostuumontwerpe deur Frederick van Reenen Smith vir die eerste uitvoering wat plaasvind op 21 en 22 Julie 2000 in die AULA, Universiteit van Pretoria:

***Thunderbird***







UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## *Raven*






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Miminana**





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## Vader van *Miminana*





## Verteller





## 2.3 Tematiese materiaal

Die tematiese materiaal van hierdie ballet is eenvoudig en toeganklik vir die deursnee-luisteraar. Ses tematiese idees word deurgaans aangetref en skep 'n soort *leitmotiv*-gevoel, wat karakters of situasies gedurende die ballet kenmerk. Hierdie ses idees word genommer as motief A tot F en is soos volg:

**A**



Motief A simboliseer die Rooihuide se Totemdanse. Die oop kwinte is kenmerkend van hierdie kultuur se tradisionele musiek en die gebruik hiervan is ook die enigste verwysing wat die komponis deurgaans maak na die Rooihuide se tradisionele musiek.

**B**




**C** Spilmotief of kernidee



Motief C is die belangrikste in die ballet en word as 'n kettingmotief deurgaans aangewend om kontinuïteit aan die werk te verleen.

**D** *Raven*-motief




Motief D word slegs deur die panfluit gespeel en kondig altyd *Raven* se verskyning aan.

**E**



Motief E kenmerk die "skeppingsproses" en *Thunderbird* se magtigheid as skepper van alles in die hemele en op die aarde (hoofsaaklik van vuur).

**F**



Motief F is kenmerkend van *Miminana*, dogter van die hoofman en beminde van *Raven.*

'n Verdere aantal kleinere motiewe word gebruik, maar sal bespreek word by die gedeeltes waar hulle voorkom.


## 2.4 Eerste bedryf

### *2.4.1 Prelude*

Hierdie gedeelte wat strek vanaf maat 1 tot 80, dien slegs as 'n soort voorspel tot die ballet. Die *Prelude* volg op die proloog, wat sonder musiek plaasvind, en word nie gedans nie.

Motiewe A – C word soos volg bekendgestel:

Motief A in die tjello's (maat 1)




Motief B in die eerste en tweede viole (maat 24)





Motief C in die fluite en piccolo (maat 37)




'n Ondergeskikte motief G, wat slegs deur die buisklokke gespeel word, maak sy verskyning in maat 10. Hierdie motief skep deurgaans 'n onheilspellende atmosfeer en sinspeel op dood en vrees.

**G**



Vanaf maat 37 tot 44 en maat 71 tot 79 kom motiewe A, B en C gelyktydig voor. Motief C is die duidelikste en mees melodiese van die drie. In die volgende voorbeeld (maat

71 tot 73) word die gebruik van die verskillende motiewe geïllustreer deur middel van aanwysings op die orkespartituur. Die verwysings op die partituur na (a), (b) en (c) dui slegs op permutasies (of verwantskappe) van A, B en C.



## 2.4.2 *Thunderbird*

In hierdie gedeelte wat vanaf maat 81 tot 122 strek, vind die eerste werklike dans in hierdie ballet plaas. Die *Thunderbird* word bekendgestel en die karakter van hierdie seksie is strak en uitspattig. Ritmiese onreëlmatigheid is kenmerkend en dui op die wispelturigheid en onvoorspelbaarheid van die gode.


Die pouke is deurgaans 'n belangrike element in hierdie werk en sinspeel hoofsaaklik op die primitiewe stam-musiek van die Rooihuide. Die besige pouke in hierdie seksie bewerkstellig tergelykertyd 'n gevoel van vrees teenoor die goddelike *Thunderbird* – skepper van vuur. Vanaf maat 81 tot 98 word die pouke op 'n concerto-matige wyse ondersteun deur die strykers.

(pouke: mate 81 tot 98)




In mate 99 tot 122 herhaal die eerste gedeelte van hierdie seksie met die byvoeging van motief C in die trompette en horings, asook 'n kort skakelgedeelte (mate 119 tot 122). Motief C is ritmies gewysig en harmonies dissonant.

Mate 99 tot 110 (horings en trompette):





Hoewel die gedeelte vanaf mate 119 tot 122 'n kort skakelpassasie is na die volgende seksie, bestaan dit uit 'n uitvloeisel van ritmiese materiaal van die vorige. Die metrum verander terug na ¾ en vertraag die ritmiese voortstuwing voordat die *Raven* sy verskyning in maat 125 maak. Hierdie gedeelte word die skakelmotief genoem en maak 'n paar keer sy verskyning.

(strykers – mate 119 tot 122)




### 2.4.3 *Raven*

Die gedeelte vanaf mate 123 tot 154 stel die *Raven* bekend. Motief A, B, C en F kom in hierdie seksie voor. *Raven*, die "mindere" god en onderdaan van *Thunderbird* is transformeerbaar tot enige lewende wese wat hy begeer om te wees. Sy natuur is dié van 'n kulkunstenaar en dit word weerspieël in die dubbelgepunteerde ritmes van motief F.

Die volgende voorbeeld (mate 143 tot 149) is ter illustrasie van die verskillende motiewe. Die strykers (mate 143 tot 154) se materiaal is op die skakelmotief van die vorige seksie gebaseer. Die hoë flageolette simboliseer die vlieënde *Raven* wat draaie om *Thunderbird* vlieg en hom nooit direk konfronteer nie.

Die dialoog-matige pouke in hierdie seksie sinspeel op *Thunderbird* se teenwoordigheid en skep 'n ondertoon van waarskuwing aan *Raven*.


145
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
legato
a2
mf
fff
ppp
mp
f
p
C
D
A
(a)
(b)
(c)
(d)
skakelmotief


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
ppp
mf
mf
(d)
ritmies gewysig

## *2.4.4 The Creation*

Hierdie gedeelte strek vanaf mate 155 tot 212 en sinspeel op *Thunderbird*, die "skepper" en *Raven* wat sy skeppingsdade admireer.

Motief E maak vir die eerste keer sy verskyning in die eerste viole (maat 155) gedupliseer deur 'n mineur terts en rein kwart in die tweede viole:




Die ontstaan van motief E spruit uit die materiaal van mate 81 en 82 (*Thunderbird* se aankondiging) wat ritmies en melodies gewysig is.

Strykers -mate 81 en 82:




Maat 155:




Die pouke tree weer eens sterk op die voorgrond, en 'n duidelike ooreenkoms met die seksie vanaf mate 81 tot 122 is sigbaar.

Pouke – mate 81 en 82:




Maat 155:



Die statiese en rukkerige gevoel wat deur die 7/8-metrum in hierdie seksie bewerkstellig word, sinspeel op die skeppingsproses en die vuur wat *Thunderbird* deur 'n enkele swaai van sy arms te voorskyn kan bring.

Die skakelseksie keer weer terug in mate 175 tot 178 wat die aandag fokus op *Raven* se admirasie vir *Thunderbird* se magtigheid en skeppingsvermoeë:

(Strykers - mate 175 tot 178)




Die gedeelte vanaf mate 179 tot 186 is byna identies aan mate 135 tot 146, met die verskil van die hoër strykers wat 'n soort sluheid of valsheid impliseer. *Raven* se motiewe is duister en sy admirasie vir *Thunderbird* is twyfelagtig.

Mate 187 tot 195 keer terug na motief E voordat mate 196 tot 202 ('n herhaling van mate 99 tot 105) 'n vinnige terugblik van *Thunderbird* se verheerliking bevestig – hierdie keer met byvoeging van die fluite en piccolo met motief C.

In mate 203 tot 212 keer motief E kortstondig terug, gevolg deur die skakelseksie (mate 205 tot 212) wat die toneel van die hemelse worstelinge vir eers beëindig en die verhaal op die aarde laat fokus. Mate 209 tot 212 is identies aan die eerste verskyning van die skakelseksie (mate 119 tot 122).

Die belangrikheid van die skakelseksie is die verbintenis tussen die hemele en die aarde. Die eerste intrede wat plaasvind voor *Raven* se verskyning simboliseer *Raven* as 'n aardse én hemelse karakter. Sy goddelikheid word slegs gedeeltelik omlyn en hy tree op as middelman tussen die mense en *Thunderbird* – die opperste god.

## *2.4.5 The Village*

Hier is die eerste kennismaking met die aarde en die gebeurlikhede in die Rooihuid-reservaat.

Mate 213 tot 363 vorm die laaste seksie van die eerste bedryf. Die openingstoneel van hierdie seksie (mate 213 tot 224) is gebaseer op motief G in die pouke – aanvanklik bekendgestel deur die buisklokke. Kortstondige verwysings na motief D se trioolfiguur loop motief F (waarin die trioolfiguur weer voorkom) vooruit. Die ooreenkoms tussen

hierdie motiewe D en F is simbolies van die skakel tussen *Raven* en *Miminana* – die dogter van die stamhoof. Die trioolfigure en enkele twee-en-dertigste nootwaarde dui op die ooreenkomste van die motiewe, hoewel motief F 'n melankoliese karakter het.

Die intrede van motief F (maat 225) deur die marimba, word gevolg deur die klarinetsolo (maat 228) wat 'n kanoniese intrede op 'n viermaat-afstand maak. Daarna neem die eerste viole en altviole (maat 236) die kanon oor met 'n eenmaat-afstand terwyl die tjello's sinspeel op motief A en die houtblok die trioolfiguur van motief D vooruitneem.


Die panfluit maak sy verskyning met die stertfiguur van motief D in maat 243. Hierdie intrede sinspeel op *Raven* wat op 'n afstand na *Miminana* kyk terwyl sy sit en weef. Sy beweging raak minder fragmentaries soos hy op haar verlief raak en nader aan haar beweeg.

In maat 255 tree die marimba weer in met motief F, gevolg deur 'n viermaat-kanon met die panfluit (maat 258) en 'n *pas de deux* tussen *Raven* en *Miminana* volg (mate 255 tot 284).

Die *pas de deux* kom skielik tot 'n stilstand (maat 285) en die pouke en buisklokke kondig die koms van *Miminana* se vader, die stamhoof, aan. Hy is ontsteld oor sy dogter se verhouding met die *Raven* en hy gee sy misnoë duidelik te kenne. Die pouke word al duideliker en vinniger.

(Pouke – mate 285 tot 321)






Die tremolo-figure in die strykers vanaf maat 300 – eers in die tjello's en kontrabasse, en daarna die viole en altviole – skep 'n gevoel van spanning wat uit hierdie situasie spruit.

Die klimaks (mate 318 to 321) word deur die blasers aangekondig deur 'n dissonante akkoord en die streng stamhoof verlaat die toneel.

Mate 322 tot 363 kan as 'n soort koda tot die eerste beweging van hierdie ballet beskou word. Motief A keer terug in die tjello's (mate 322 tot 327) met motief G in die buisklokke.

Mate 328 tot 339 is 'n identiese herhaling van mate 143 tot 150. Hierdie gedeelte sinspeel op die belofte wat *Raven* maak om vuur aan die mense te gee. Hy bejammer hulle omdat hulle nie vuur het nie, maar natuurlik is sy enigste werklike belangstelling *Miminana*, die stamhoof se dogter.

In die slotgedeelte (mate 340 tot 363) vertrek *Raven* met *Miminana* aan sy arm om die beloofde vuur by *Thunderbird* te gaan haal. Die materiaal van hierdie gedeelte is soortgelyk aan mate 265 tot 284 en op motief F (die *pas de deux*-gedeelte) gebaseer.

Die volgende voorbeeld (mate 340 tot 363) illustreer die gebruik van motiewe A en F.

i1459078S
b14309270


340
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
arco
arco
Stert van F
skakelmotief
(a)
(b)
(d)
A
F


346
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
350
F
mf
f


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
355
F
F
(a)
(a)
(a)
(a)


360
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
a2
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
cresc.
p


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
unis.
arco
Db.

## 2.5 Tweede Bedryf

### 2.5.1 *The Heavens Above – Thunderbird*

Terug by *Thunderbird* in die hemele, open die tweede bedryf met 'n gerommel deur die kontrabasse en tjello's (mate 364 tot 366) gevolg deur die altviole op 'n kwartinterval-afstand (maat 367).

(strykers – mate 366 tot 369)




*Thunderbird* se hemelse verrigtinge word in hierdie gedeelte uitgebeeld, en die onreëlmatige metrum is weer eens kenmerkend. Die geleidelike opbou van instrumentasie bewerkstellig 'n soort spanning vir die situasie wat volg – *Raven* se besoek aan *Thunderbird*.

Die seksie (mate 364 tot 482) is hoofsaaklik gebou op die volgende toonleerpassasie wat dikwels deur die komponis gebruik word:



In die volgende fragment (mate386 tot 393) word die gebruik van hierdie toonleerpassasie op die partituur aangedui. Die horings keer terug met die ketting-motief C (maat 386) - ritmies gewysigd in 'n 5/8-metrum. Die C-motief se gebruik in hierdie seksie is noodsaaklik vir die kontinuïteit van die werk omdat die komponis hierdie seksie in sy geheel 'n ander toonkleur gee. Die rede hiervoor is om die belangrikheid van die vuur-element in hierdie werk te omlyn wat die kern van die ballet vorm. Hierdie seksie vorm ook die middelpunt van die werk en vandaar ontplooi die vorige motiewe weer in die oorblywende gedeeltes.


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
a2
Bsn
mf
Hn
f
Tpt
Timp.
mf
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
mp
Gong
Mar.
arco
Vln I
arco
Vln II
pizz.
Vla
pizz.
Vc.
arco
Db.


390
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.

Die spanning word steeds verhoog deur die byvoeging van die fluite, klarinette en trompette (mate 398 tot 412) wat motief C omlyn.

Met 'n skielike stilstand van die voortstuwende orkes, word die *Raven* se aankoms (maat 418) aangekondig met die solo-panfluit wat 'n fanfare-matige figuur speel. Sy aankondiging word in maat 420 deur 'n tweede stilte in die orkes bevestig, en daarna (mate 421 tot 424) gebied *Raven* dat *Thunderbird* aan hom vuur moet gee sodat hy die mense op aarde se lewens kan verlig.

Hierdie gedeelte van vier mate word herhaal. Die vraag aan *Thunderbird* is kort en ferm. Dié seksie eindig in maat 424 en vloei direk in die volgende seksie.

## 2.5.2 *Spell*


In die volgende gedeelte (mate 425 tot 482) bewerkstellig *Raven*, die kulkunstenaar, 'n magiese dans waarmee hy *Thunderbird* met sy toorkrag en Miminana se sjarme bedwelm sodat hy die vuur kan steel aangesien *Thunderbird* nie bereid is om aan sy versoek te voldoen nie. *Thunderbird* sal die vuur in ruil vir *Miminana* maak.

Die bedwelmingsdans begin in maat 426 wanneer die altviole en tjello's skielik die voorafgegaande patroon wysig en die kontrabasse saam met die pouke 'n soort stamdans suggereer. Sien die volgende voorbeeld (maat 424 tot 427) ter illustrasie.



Die tremolo's deur die viole (vanaf maat 431) en marimba (maat 435) bou geleidelik spanning op tot in maat 456, waar die eerste- en tweede viole met motief C terugkeer.

Die volgende illustrasie (mate 464 tot 471) is die klimaks van hierdie seksie, en motief C word oorgeneem deur die houtblasers terwyl die viole, trompette en piccolo die bedwelmingsidee voortsit.




Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
470

Die gedeelte vanaf mate 472 tot 484 sinspeel op *Raven* en *Miminana* wat die vuur steel (simbaalslag in maat 472) en dan uit die hemele vlug. Hierdie slotgedeelte van die seksie is steeds gebaseer op die toonleerpassasie en die geaksentueerde kontrabas vanaf maat 477 suggereer die terugkeer na die aarde, en berei die luisteraar subtiel voor op die drieslagmaat van die seksie wat volg.

(strykers – mate 476 tot 481)




## 2.5.3 A Smokey Village

In dié gedeelte, wat strek vanaf mate 483 tot 530, word die Rooihuidkampie met 'n brandende vuur as sentrale punt uitgebeeld. Die atmosfeer is rustig en gelukkig, en *Raven* is saam met *Miminana*. Hulle verhouding dra nou die goedkeuring van haar vader, die stamhoof, en vuur verskaf warmte en lig in die mense se lewens. Alles is te danke aan *Raven*.

Hierdie seksie is gebaseer op motief A, C en F. 'n Korter *pas de deux* tussen *Raven* en *Miminana* volg (maat 511).

Die hoë C in die pouke (vanaf maat 500) is simbolies van die onderliggende spanning wat in die "gelukkige" kampie heers. Die moontlikheid van *Thunderbird* se wraak skuil by *Raven* en *Miminana*. Die gesinkopeerde A-motief (vanaf maat 509) bewerkstellig 'n soort agterdog gedurende die *pas de deux*.

Maat 483 tot 530:


A Smokey Village
485
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
pizz.
A
(a)


490
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
soft mallets
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
mp
p
C
A


495
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
mf
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
mp
Tub. B.
p
Gong
Mar.
C
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
A


500
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
C
(a)
A
mf
a2


505
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.



510
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
(a)
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
F
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
A
Vc.
Db.
mf
(a)
A gesinkopeerd


515
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
F si kop
(a)
(d)


melodies gewysigd
520
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
C
(a)
C
A
(a)


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
525
solo
mf
mp
C
F
(a)
(d)
A


C
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
(a)
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
(a)
Mar.
Vln I
C
Vln II
Vla
Vc.
Db.


530
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
(a)
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
(d)
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
(a)
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
A
Vc.
Db.

### 2.5.4 *Thunderbird's Anger*

Soos verwag, verskyn *Thunderbird* in die kampie. Sy toorn is vurig en sy gemoed is wraaksugtig.

Hierdie seksie (mate 531 tot 587) is 'n samevoeging van C en E, sowel as suggestie van motief D en die skakelpassasie.

Die tutti-orkes (mate 531 tot 537) kondig *Thunderbird* se aankoms met die E-motief aan. Die herhaling van die fragmente is belangrik omdat dit sinspeel op *Thunderbird* se goddelikheid in die eerste stelling, en die mense se begripsvlak in die tweede stelling.

Mate 538 tot 569 is 'n herhaling met ritmiese wysigings van *Thunderbird* se eerste verskyning (mate 81 tot 124). Die aanhoudende tutti-orkes in hierdie gedeelte beklemtoon *Thunderbird* se woede oor die gesteelde vuur, en hy gebiet *Miminana* om na hom te kom. Sy weier, en hy blaas haar met 'n stormwind in die vlamme terwyl *Raven* en die beangste mense in die kampie magteloos toekyk.

Die slotgedeelte van hierdie seksie (mate 570 tot 587) sinspeel op *Miminana* se dood, die mense se treurigheid en *Raven* se magteloosheid. Die ritmies gewysigde skakelmotief in die strykers (mate 570 tot 573) dui op *Miminana* se laaste probeerslag om sonder sukses van die vlamme te ontsnap. Die skakelmotief kom skielik tot stilstand sonder om werklik 'n skakel na enige materiaal te bewerkstellig. Slegs die aangehoue akkoorde is hoorbaar saam met die pouke se trioolfigure, gebaseer op die kop-gedeelte van motief D. Dit suggereer die desperate *Raven* wat nou 'n lewe opgeoffer het deur vuur aan die kampie te voorsien (sien volgende notevoorbeeld).

Hierdie seksie is 'n belangrike keerpunt in die ballet, en vorm ook die klimaks van die werk. Die laaste intredes van motief E is kenmerkend van hierdie seksie. Dit simboliseer die einde van die tweestryd tussen *Raven* en *Thunderbird.* Die gefragmenteerde motief D in die pouke, en die langer gepunteerde nootwaardes simboliseer terselfdertyd *Raven* se dood omdat hy die geloofwaardigheid van die mense in die kampie verloor het, asook sy tweestryd met *Thunderbird.*

Mate 568 tot 587:


Miminana se dood
570
Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
skakelmotief
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
mp
dim.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
580


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
"Raven" se "dood"
(d)
58


Picc.
Fl.
Pan.
Ob.
Cl.
Bsn
Hn
Tpt
Timp.
S. D.
B. D.
W. Bl.
T. Bl.
Cym.
Cym.
Guero.
Tub. B.
Gong
Mar.
Vln I
Vln II
Vla
Vc.
Db.
pp
pp
pp

## *2.5.4 Victory*

Hierdie vrolike seksie (mate 588 tot 644) is gebaseer op die toonleerpassasie sowel as motief C – die kettingmotief van dié ballet.

Die C-motief (hierdie keer in vierslagmaat) maak sy intrede in die eerste viole (vanaf maat 611) teenoor die byna jazz-matige groeperings van drie- en twee-agstenootgroepe in die tjello- en marimba-partye:

(mate 610 tot 612)




Die res van hierdie seksie bestaan uit dieselfde materiaal wat deur verskillende instrumente oor en weer afgelos word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## *2.5.5 Epilogue – Totem*

Die slotgedeelte van hierdie werk is gebaseer op al die motiewe, behalwe motief E. Hierdie kan byna as 'n soort treursang beskryf word omdat die treurigheid oor die gestorwe *Miminana* hier uitgebeeld word, en oor verskeie belangrike lewensaspekte besin word.

Dié gedeelte strek vanaf mate 645 tot 773, en motief A open hierdie seksie in F mineur. Dit word gevolg deur motief G deur die buisklokke (maat 647) en daarna motief F in maat 651 deur die klarinetsolo. 'n Kanoniese intrede van motief F volg in die panfluit (maat 666) terwyl die viole en altviole met flageolette chromaties daarteen beweeg. Die stadige flageolette van die strykers dra tot die doodse atmosfeer van hierdie gedeelte by.

In maat 688 maak motief B sy eerste verskyning sedert die *Prelude* en verleen daardeur 'n vorm van finaliteit aan die werk. Waar motief B in die *Prelude* deur die pizzicato-viole bekendgestel is, word dit nou deur die houtblasers gespeel wat 'n misterieuse en orrelmatige karakter daaraan verleen. Dit word steeds begelei deur die tjello's en kontrabasse (motief A) en die viole en altviole se stadige flageolette. Die marimba (mate 688 tot 697) is 'n versierde weergawe van motief B:



Die marimba tree in met motief F in maat 698, begelei deur motief A in die viole, altviole en tjello's. 'n Soort kanon volg in maat 700 met motiewe C en D. Die aanhoudende terugkeer van motief F kan beskou word as 'n soort leitmotief wat sinspeel op die nagedagtenis van die gestorwe *Miminana*.

(mate 698 tot 702)



'n Verdere intrede van motief F volg in mate 716 tot 719 sonder dat dit kanonies gemanipuleer word of met enige ander motiewe vermeng is. Hierna volg 'n uitgebreide gedeelte (mate 722 tot 745) wat weer eens op motief F gebaseer is. Hierdie gedeelte is dan ook die laaste nagedagtenis en hulde aan die gestorwene. Die gevoel van 'n soort dans word hier geskep deur die trioolfigure van die marimba en die dubbelgepunteerde agstenote van die pouke. Die dansmatigheid van hierdie gedeelte suggereer 'n tradisionele begrafnis-ritueel van die Rooihuide en simboliseer 'n offerhande aan die gode.

Die gepunteerde nootgroepe in die pouke en viole (alreeds vanaf maat 738) suggereer die trapsgewyse opwaartse beweging van die karakters wat opmekaar stapel en ten einde 'n totempaal vorm. Hierdie totempaal word 'n simbool van geskiedenis, tradisies en gebeurde en bly daar om die nageslagte te herinner aan die gode en die skeppingsproses van alles om hulle. Die totempaal is 'n simbool van opoffering en 'n herinnering dat daar 'n prys vir alles is. Die lewe wat dit gekos het om vuur te kan hê.

Die lang akkoord-onderbrekings deur die houtblasers in mate 757, 759 en 760, 764, 766 en 768 dui slegs op die posisionering van die karakters soos hulle een na die ander op mekaar stapel om 'n totempaal te vorm.

# 3 SLOTKOMMENTAAR

Die verhaal van *Thunderbird* is gebaseer op 'n Rooihuid-mite wat aan die nageslagte vertel hoe vuur op die aarde ontstaan het. Hoewel die karakters in hierdie verhaal fiktief is, word die *Raven* en *Thunderbird* steeds deur sommige van die Rooihuide as gode, wat die skeppingsproses tot stand gebring het, beskou.

Tydens die skrywer se navorsing vir hierdie ballet, het hy tot die interessante gevolgtrekking gekom dat byna al die mites rondom die ontstaan van vuur gewoonlik deur iets of iemand gesteel word. Dit wil byna voorkom asof die Rooihuide se gode so ongenaakbaar is dat dit telkens nodig was om al die skeppingselemente te steel - so ook in sommige van die verhale oor die ontstaan van die son, maan en sterre.

Die Rooihuide se gelowe is grotendeels gebaseer op mites, en verskil soms radikaal van mekaar.